Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 7: *Vayetze* – En Hy Het Gegaan.

Ya'akov het uit Be'er-Sheva vertrek in die rigting van Haran. Gen. 28:10 – PWL[1]

Torah : Gen. 28:10 tot 32:3.

Haftorah: Hosea 12:13 tot 14:10.

Nuwe Verbond: Matt. 3:13 tot 4:11; Joh. 1:43 tot 51; 1 Kor. 10:6 tot 11.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige jare se notas vir Parashah 7 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

We have suffered from the preaching of cheap grace. Grace is free, but it is not cheap. People will take anything that is free, but they are not interested in discipleship. They will take Christ as Saviour but not as Lord. – Vance Havner.

Idolatry is worshipping יהוה our own way! True worship is obeying the loving instructions of Torah! Doing things His way! – truthfound.org.

The more we study the Word of יהוה and the examples of the lives of those showcased therein, the more we can learn about our own lives. So study the recorded events about the lives of יהוה's servants of old to learn wisdom for your daily life and spiritual walk – Nathan Lawrence.

For unless your hearts are free from worldly hopes and worldly fears, you never will speak boldly, as you ought to speak – Whitefield.

Faith takes God without any "ifs" – D.L. Moody.

To trust God in the light is nothing, but to trust Him in the dark; that is faith. – Charles H. Spurgeon.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing was die begin van die geskiedenis van die nageslag van Avraham, naamlik van Yitz'gak, Ya'akov en sy twaalf seuns, en dus van die voortsetting van יהוה se Raadsplan van die herstel van Sy Skepping tot soos dit aan die begin voor die sondeval was. Ons het ook geleer dat Yeshua, as יהוה-God se Eersgeborene, van die begin af die Een is waardeur God Sy Raadsplan sal vervolmaak!

Ons geestelike erflating begin dus by Avraham. Daarom is dit meer korrek om te praat van ons 'Avraham-wortels' as van ons Hebreeuse wortels! Avraham was egter die eerste Hebreër omdat hy 'n afstammeling van Eber was. Hy was deur יהוה geroep om uit Ur van die Kasdeërs (Chaldeërs), naamlik uit antieke Bavel (Babilon) en die oorsprong van alle afgodery, te trek na die Beloofde Land Kena'an (Kanaän). So het יהוה ons ook elkeen geroep om weg te trek uit die "Bavel" van hierdie wêreld en van alle sinkretisme waar die waarheid met die leuen vermeng word! Ons is geroep om God in Gees en waarheid te dien (Joh. 4:23-24).

Ons het ook geleer hoe Ya'akov se eie keuse, onder die invloed van sy ma Rivkah (Rebekka), van hom 'n vlugteling gemaak het. Maar ons het ook geleer hoe Esav sy eersgeboorte reg afgestaan het deur 'n verkeerde keuse en wat die gevolg daarvan was!

> `Esav het Ya'akov gehaat as gevolg van die seën waarmee sy vader hom geseën het en `Esav het in sy binneste gedink: "Die dae van rou oor my vader is naby, dan sal ek my broer Ya'akov doodmaak." Gen. 27:42.

In verlede week se Torahstudie het ons ook geleer dat Yitz'gak se eerste beproewing en toets van sy vertroue in יהוה die feit was dat Rivkah nie swanger geword het nie! Yitz'gak se smeekgebede was daarom nie terwille van homself of terwille van Rivkah nie, maar dit is terwille van die belofte wat aan Avraham gemaak is, naamlik: *en in jou sal al die families van die aarde geseën word*. Yitz'gak se smeekgebede is dus nie om selfsugtige redes nie, maar is namens sy vrou en die toekomstige nageslagte! Yitz'gak en Rivkah het deur geduld die belofte vir 'n nageslag in besit geneem.

Hierdie week se Torahskriflesing begin dan waar Ya'akov van sy ouerhuis wegvlug uit vrees vir sy broer Esav.

> Ya'akov het uit Be'er-Sheva vertrek in die rigting van Haran. Gen. 28:10.

Ya'akov se vertroue in יהוה en sy gehoorsaamheid gaan beproef word!!

Keuses en Gevolge

Ya'akov se keuse om in die plek van Esav die seën van die eersgeborene te ontvang, het van hom 'n vlugteling gemaak. Hy het Ooswaarts gevlug na Bavel waar sy oupa Avraham vanaf gekom het. Elke keuse het 'n gevolg!!

Ons almal beland hoofsaaklik om twee redes in situasies wat ons eerder graag sou wou vermy het, naamlik:

- Weens eie keuses wat ons maak, of

- Vader-God beplan, of laat toe, dat situasies in ons lewens ontstaan.

Die gevolg van eie keuses is gewoonlik dat dit wat jy saai, sal jy maai. Die saad wat gesaai word, lewer altyd ‘n oes! Daar is vergifnis vir verkeerde keuses, maar die gevolge van die keuse is dikwels langtermyn. Wanneer יהוה jou egter in ‘n situasie plaas, of toelaat dat ‘n situasie ontstaan, is dit gewoonlik om jou te beproef en sodat jy met jouself gekonfronteer word.

Beide eie keuses, en situasies deur יהוה beplan of toegelaat, is geleentheid vir selfondersoek en versoening met Vader-God en met medemens. Wanneer anders doen ons regtig ernstige en eerlike selfondersoek as in tye van swaarkry, hartseer en beproewing? Dit is eers dan wat elkeen bereid is om na sy lewe deur die lens van Vader-God se Woord, Sy Torah, te kyk!

Hierdie week leer ons hoe Ya’akov in ‘n situasie beland wat deur יהוה self beplan was. Ya’akov het nie net vir sy lewe gevrees nie, maar was sekerlik ook verward en onseker, want aan hom was die belofte van יהוה aan Avraham van die Beloofde Land, asook die nageslag wat dit sal beërwe, via Yitz’gak oorgedra. En tog, hy is die een wat uit die Beloofde Land moet vlug terwyl sy broer Esav agterbly!

Ya’akov is deur God self gekies om ‘n sleutelrol te speel in יהוה se totale verlossingsplan van herstel deur Yeshua dié Gesalfde Een. En tog moes Ya’akov vir 20 jaar ‘n veeherder wees voor hy genoeg bymekaar gemaak het om ‘n huishouding te kon bekostig. Hy moes eers in konfrontasie met homself wees alvorens hy ‘n geskikte werktuig in יהוה se hande kon wees. Hy moes homself eers voor יהוה verneder, sodat God hom kan verhoog (Jak. 4:6 tot 9). In vele opsigte kan ons met Ya’akov identifiseer. Daarom bestudeer ons Torah, want daar is waardevolle lewensless om te leer uit die geskiedenis van ons geestelike voorvaders, asook dié van Yisra’el van ouds!

Sha’ul herinner ons hieraan in 1Kor. 10:11-12!

> **11** Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as ’n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.
> **12** Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Met verwysing na verlede week se Haftorah moet ons seker maak dat ons nie soos Esav en Yisr’el so selfversekerd raak dat ons onverskillig word oor ons geestelike erfenis, naamlik ons redding nie! Ons moet luister na Sha’ul se waarskuwing: “Elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie”. Ons moet יהוה se onpartydige opregtheid soek en seker maak dat ons nie ons eie onpartydige opregtheid oprig nie!

Die gevaar van eie onpartydige opregtheid word in ‘n artikel bespreek wat afgelaai kan word by: יהוה se Geregtigheid. Hierdie artikel word aanbeveel, want talle gelowiges het hulle eie geregtigheid opgerig en besef nie dat hulle mislei is nie!

Opsommend: Wanneer ons wel verkeerde besluite geneem het, moet ons met ware berou om vergifnis vra en seker maak dat ons terugkeer om volgens Vader-God se onderrig en instruksies te lewe!

Many mourn for their sins that do not truly repent of them, weep bitterly for them, and yet continue in love and league with them. – Matthew Henry.

Bepeins of Bespreek

1. Ons moet die verskil verstaan tussen ware (Goddelike) berou en wêreldse berou! Ware berou is om opreg jammer te wees oor die oorsaak van ons sonde en om nie weer te sondig nie. Ware berou bring dus ‘n verandering in lewenswyse sodat toekomstige

optrede (keuses) volgens Torah is. Wêreldse berou is om jammer te wees oor die gevolge van die sonde sonder om die oorsaak van die sonde aan te spreek en sonder ‘n verandering in lewenswyse wat ooreenstem met Torah. Het Ya’akov en Esav ware berou of wêreldse berou gehad?

2. *Repentance is more than just sorrow for the past; repentance is a change of mind and heart, a new life of denying self and serving the Saviour as King in self's place.* – J.I. Packer.

‘n Lewensveranderende Ontmoeting!

Terwyl Ya’akov vir Esav gevlug het, het hy sy vlugtog onderbreek om by ‘n sekere plek te rus.

> **10** Ya’akov het uit Be’er-Sh’va vertrek in die rigting van Haran.
> **11** Hy het by ’n sekere plek gekom waar hy oornag het, want die son was al onder en hy vat een van die klippe van daardie plek en sit dit onder sy kop en hy gaan lê op dié plek en slaap. Gen. 28:10-11.

יהוה het ‘n ontmoeting met Ya’akov beplan – ‘n lewensveranderende ontmoeting! Hoewel hierdie oornagpunt by die stad Lus (Gen. 28:19) was, het Ya’akov die opelug en ‘n klip as kussing verkies. Sy eie gerief was die laaste ding waaraan Hy gedink het toe hy sy kop op die klip *op die plek* (Hebreeus: *makom*) neergelê het om te slaap.

> **12** Hy het gedroom: let op, ’n leer is op die aarde opgestel waarvan die punt tot by die hemele kom en let op, die engele van God gaan daarmee op en af.
> **13** Let op, יהוה het bo-aan dit gestaan en gesê: “Ek is יהוה, die God van jou vader Avraham en die God van Yitz’gak. Die land waarop jy lê, gee Ek aan jou en aan jou nageslag
> **14** en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde en jy sal uitbrei na die weste en die ooste en na die noorde en die suide en in jou en jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees.
> **15** Let op, Ek is by jou en Ek sal jou beskerm oral waar jy heengaan en Ek sal jou terugbring in hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie totdat Ek gedoen het wat Ek vir jou gesê het.” Gen. 28:12 tot 15.

Toe Ya’akov wakker geword het, het hy geweet dat hierdie ‘n lewensveranderende ondervinding was. Niks sou meer dieselfde wees nie, nie net wat homself aanbetref nie, maar ook vir toekomstige geslagte. Ya’akov het besef dat יהוה op hierdie plek is, hoewel hy dit aanvanklik nie besef het nie.

> **16** Ya’akov word uit sy slaap wakker en sê: “Waarlik, יהוה is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie.”
> **17** Hy het bang geword en gesê: “Hoe vreeslik is hierdie plek! Hierdie is niks anders as ‘n huis van God nie en hierdie is die hek van die hemel.” Gen. 28:16-17.

Ya’akov het wakker geword met ‘n oorweldigend respekvolle eerbied vir יהוה. Hierdie plek was dieselfde plek waar Avraham vir Yitz’gak geneem het om hom te offer (Gen. 22:2, 4, 8 en 9) en dit is geleë in die gebergte van Moriyah. Avraham, Yitz’gak en Ya’akov het dus elkeen op hierdie plek, in die gebergte van Moriyah ‘n ontmoeting met יהוה gehad. Dit is dieselfde gebergte waar Yeshua gekruisig was en weer sal verskyn (op die Olyfberg) (Sag.

14:4). Hierdie is die plek (*makom*) waar die hemel die aarde ontmoet – die plek waar יהוה die mens ontmoet – die poort na die hemel.

Die leer wat Ya'akov in sy droom gesien het, was nie net vir daardie oomblik in tyd nie, maar is tydloos. Dit strek in tyd vanaf Ya'akov tot die hede en tot in die toekoms. Die klip (rots) waarop Ya'akov sy kop laat rus het, was nie 'n gewone klip nie, maar was Yeshua die Rots!

> Net soos geskryf is: "Let op, Ek het 'n Steen van struikeling en 'n Steen van oortreding in Tziyon gelê en wie ook al in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie." Rom. 9:33

> **6** Dit word gesê in die Skrifte: "Let op, Ek lê in Tziyon 'n goedgekeurde en kosbare Hoeksteen en hulle wat in Hom vertrou, sal nooit beskaam word nie."
> **7** Vir die wat aanhou vertrou, is hierdie eer gegee, maar vir die wat nie vertrou nie
> **8** is Hy: "'n Klip van struikeling en 'n Rots van aanstoot" en hulle struikel daaroor deurdat hulle nie die boodskap gehoorsaam waaroor hulle aangestel is nie. 1Pet. 2:6-8

Die Rots was deel van die altaar waarop Avraham bereid was om Yitz'gak te offer. Hierdie is die plek waar elkeen tot stilstand gedwing word om יהוה deur Yeshua te ontmoet. Dit is die plek van sondevergifnis en van die sterwe aan die eie-ek. Dit is die plek van opstanding van die nuwe mens in Yeshua dié Gesalfde Een, en die begin van 'n lewe van afsondering (heiligmaking) deur gehoorsaamheid aan Vader se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is. 'n Lewe van afsondering deur gehoorsaamheid is om jou gees, siel en liggaam beskikbaar te stel as die huis (tempel) van God (Bet-el; Gen. 28:19).

Dit is wat Sha'ul bedoel het, toe hy in sy brief aan die gemeente in Rome geskryf het:

> **1** My broers, daarom smeek ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk
> **2** en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:1 en 2.

Na 'n ware lewensveranderende ontmoeting met יהוה-God deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een, en wat gevolg word deur gehoorsaamheid aan Vader se Torah, word elkeen 'n tempel van God! Die plek waar God deur Sy Gees in elkeen woon!

> **19** Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, is nie? Julle behoort nie aan julleself nie,
> **20** want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. 1Kor. 6:19-20.

Bepeins of Bespreek

1. Ya'akov se ontmoeting met יהוה is 'n sinnebeeld van wedergeboorte. Ware wedegeboorte moet daarom 'n lewensveranderende ondervinding wees. Wedergeboorte is om uit jou geestelike slaap wakker te word en 'n oorweldigende respekvolle eerbied vir יהוה te hê! Het jy so 'n ontmoeting gehad dat jy ook soos Ya'akov kon sê: Waarlik, יהוה is op hierdie plek – in my gees en in my siel en hierdie liggaam van my is niks anders as 'n huis van God nie? Verwys Efes. 2:19 tot 22.

2. Hoewel wedergeboorte ons eerste "Ya'akov-ondervinding" is, sal ons ook in ander situasies beland waar ons soos Ya'akov sal sê: *Waarlik, יהוה is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie* (Gen. 28:16). Selfs in jou grootste beproewing is יהוה steeds daar en

> Yeshua, wat die Middelaar van ‘n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is (Heb. 8:6) is ons Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek wat simpatie met ons swakhede het (Heb. 4:15). Onthou: Die doel van beproewing en tugtiging is om jouself te ondersoek tot gehoorsaamheid en ‘n lewe afgesonderde vir God!

Nou sal ek יהוה loof!

Met die geboorte van Le’ah se laaste seun, wat sy Juda (*Y’hudah – lofprysing*) genoem het, het sy gesê: *Nou sal ek יהוה loof en dank met uitgestrekte hande*.

> Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan ’n seun en gesê: “Nou sal ek יהוה loof en dank met uitgestrekte hande.” Sy het hom daarom Y’hudah genoem. Sy het opgehou om kinders te hê. Gen. 29:35

Dit is gebruik by Torah-gehoorsame Jode om die dag te begin met die woorde *Modeh Ani*.... wat beteken *Ek is dankbaar vir*...! Indien ons besef dat dit wat ons het – ongeag hoe baie of hoe min dit is – alles uit die hand van die Vader is, dan sal ons ook יהוה loof en dank met uitgestrekte hande. Dan sal ons dit wat ons uit Sy hand ontvang tot Sy eer gebruik!

Die geskenk verbind die gewer aan die ontvanger, en dankbaarheid verbind die ontvanger aan die gewer. Dit is ‘n twee-rigting-verhouding!! Ons voortdurende dankbaarheid vir alles wat ons het, verstewig ons verhouding met ons Vader! Dit is bevestiging dat Hy die gewer van alle gawes is

> Alle geskenke wat goed en volmaak is, kom van bo af, vanaf die Vader van Lig. By Hom is daar geen verandering of skaduwee van wysiging nie. Jak. 1:17.

Ons moet te alle tye ‘n *attitude of gratitude* handhaaf!!

> Gee dank in alles, want dit is die wil van God, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een, in julle. 1Thess. 5:19.

Yeshua is uit die stam van Y’hudah (יהודה) en hierdie naam bevat al die letters (*yod, he, vav, he*) van die Naam van God (יהוה – Yahuah) plus ‘n *dalet* in die middel. Die piktogram van *dalet* is die van ‘n ‘hangende’ tentdeur. Dit is ‘n sinnebeeld dat die ‘deur’ tot יהוה deur Y’hudah gekom het. Yeshua is uit die stam van Y’hudah en Hy is die Pad na die Waarheid wat Lewe gee.

> Yeshua antwoord hom: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie. Joh. 14:6

Die geboë vorm van die *dalet* simboliseer ook die van ‘n behoeftige persoon wat gebuk gaan. Die Hebreeus vir *‘n verarmde* (‘n behoeftige) is *dalut*. Toe Yeshua gesê het: *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele* (Matt. 5:3) het Hy verwys na diegene met ‘n nederige gees, want hulle is kosbaar voor יהוה (1 Pet. 3:4). Elkeen wat homself verneder as ‘n geestelike behoeftige sal deur יהוה verhoog word (Matt 23:12).

Om יהוה te loof en te dank met uitgestrekte arms is om in nederigheid erkenning te gee dat ons in alles van Hom afhanklik is en dat elke goeie gawe Sy onverdiende guns is.

יהוה het ons Sy seun gegee wat die ‘kommunikasiekanaal’ (die leer) tussen die hemel (יהוה) en die aarde (die mens) is. Yeshua het dit bevestig toe Hy aan Natan’el gesê het:

> "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê dat julle van nou af sal sien hoe die hemel oopgemaak word en die engele van God wat opgaan en afgaan op die Seun van die mens." Joh. 1:52.

Daarom moet ons, soos Le'ah, die Vader altyd loof en dank met uitgestrekte hande!! Hy het vir ons Sy Seun gegee; die Manna uit die hemel wat ons met danksegging en lofprysing daagliks ontvang.

> Gee dank aan יהוה, want Hy is goed, want Sy liefdevolle goedheid is tot in ewigheid. 1Kron. 16:34

Bepeins of Bespreek

1. Het jy 'n *attitude of gratitude*? Onthou: *We make a living by what we get; we make a life by what we give* (Sir Winston Churchill). Daar is altyd iemand wat minder as jy het! Daarom het elkeen van ons altyd rede tot dankbaarheid!
2. As kinders van Avraham deur vertroue in Yeshua is ons ook as onpartydige opregtes geroep om 'n seën vir ander te wees, nie net in ons huishoudings nie, maar ook in ons gemeenskap, dorp en stad. Ons geloofswandel moet sodanig wees dat ons teenwoordigheid in die samelewing waarneembaar is en waardeer word, asook 'n positiewe impak sal hê. Ons moet 'n verskil maak in ons omgewing waar ons lewe en beweeg! Ons is nie geroep om in ons binnekamer of studeerkamer 'weg te kruip' nie. Nee, ons is geroep om hervormers te wees!!

You are Called to be a Reformer!

You are a generation called to be reformers. You are a reforming generation. You are here because יהוה marked you. You are here because you are a difference maker. There is something in your DNA that cannot accept status-quo or business as usual or things as they are.
You will never fit in the box or be marked as normal. Deep in your heart you know you are called to change things – to rock the boat.
You love God, but hate religion. When you taste Him, it only makes you hungry for more. You have God cravings. You crave His presence, but you loathe the average church service.
You refuse to let the world around you shape or define you. When you dream it is about the impossible. When you see pain you know you are called to heal it. When you see adversary, you do not fear it because you measure it against יהוה. You are dangerous to evil, because your life is not your own.
To live in Yeshua, to die is gain.
You wonder why you are so strange, so different . When others want to party, you want to pray. When they laugh you weep. When they dance you mourn. You will never fit into the typical societal niche, because you are a reformer.
You won't live for fame and would never lower your goal to be rich or famous. You want to be like Abraham, Moses, Joshua, David and Esther.
Bullets do not scare you, but mediocrity scares you. Indifference scares you. Losing your life do not scare you, but wasting your life does.
You already died, so you are free!
(Bron onbekend)

Ons is nie geroep om ons te isoleer van die wêreld nie, maar om afgesonder (heilig) vir יהוה in die wêreld te leef.

We are not called to perfect ourselves for the sake of ourselves. Rather, we are called to be separate from the world, and yet visible in the world. Our separateness in the world is defined for us by the Torah. As tzaddikim we should bring wisdom, light, life, justice, compassion, mercy, righteousness, and peace to the world around us (Glenn McWilliams).

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.